Skrifgedeelte: Psalm 77

Fokusvers: Psalm 77:12

Tema: Kyk terug en sien die groot God se dade en leef getroos in jou omstandighede!

Wat beteken dit om terug te kyk of om te oordink? Gewoonlik dink ons terug aan, byvoorbeeld, "die goeie ou dae" en die tye toe dinge makliker, of lekkerder of beter was. Of soos Laurika Rauch ons leer in "Die Nostalgie": "My held was Elvis, my Elvis, my "*heartbreak hotel*" toe jy nog vir my met `n tiekie kon bel. Kom ons klink `n rooi glasie wyn op ons skete en pyn en gee ons oor aan die nostalgie." Altyd positief, altyd die goeie - dit is hoe ons geleer word om terug te dink.

Maar wat beteken dit en waaroor moet ons dink wanneer die Here vir ons vra om terug te dink? Hier leer ons iets besonders in Psalm 77. Hierdie Psalm begin waar Asaf na die Here om hulp roep. Hy is in `n moeilike situasie en in hierdie moeilike situasie is dit vir hom moeilik om die hand van die Here raak te sien. En daarom begin hy terug kyk op die verlede. Hy kyk terug op sy lewe na die dae toe dit beter gegaan het met die hoop om getroos te word vir die moeilike omstandighede waarin hy hom bevind.

Dan hoor ons daar is twee maniere hoe hy terug kyk. Die eerste is baie natuurlik vir elke gelowige: hy begin deur in gebed terug te kyk op sy lewe. Hy bid sonder ophou en hy worstel met God oor dit waardeur hy gaan en wat God se doel is hiermee.

Hy wil uit sy moeilike, slegte situasie kom en daarom dat hy bid en bid en bid, maar tog kry hy nie rus nie. Hy is naderhand só moeg en moedeloos dat hy sê dat dit God is wat hom laat wakker lê. Die Ou Afrikaanse Vertaling vertaal Asaf se ervaring mooi: Hy sê dat God sy ooglede oophou. Dit is asof die Here net nie toelaat dat arme Asaf rus en troos vind nie.

En dan, in sy slapeloosheid en in gebed begin Asaf hierdie vrae vra: "Sal die Here vir altyd verstoot en nooit weer genade betoon nie? Het daar vir altyd `n einde gekom aan sy trou? Geld sy beloftes dan glad nie meer nie? Het God vergeet om medelye te hê? Het Hy in sy toorn sy ontferming onttrek?" En dan kom hy op die punt om te sê dat dit vir hom voel asof God verander het. God tree nie meer vir hom op soos wat God in die verlede gedoen het nie.

Waarom is dit so? Omdat Asaf, alhoewel hy besig is om te bid, in sy eie omstandighede bly vaskyk! Dit bly vir Asaf oor Asaf en sy situasie gaan. Hy kyk vas in sy eie wêreld en mis heeltemal die groter prentjie van waarmee God besig is. Dit gaan bloot vir hom oor sy eie lewe en nie oor dit waarmee God besig is nie. Daarom fokus hy in sy gebed meer op die feit dat God die situasie moet verander, eerder as wat Hy fokus op dit waarmee God besig is ten spyte van sy swakheid, tekortkominge en sonde.

Maar dit is daar in die diepste duister wat Asaf leer hóé ons werklik moet terug kyk: Hy kyk terug deur bepeinsing. Deur te oordink. Om te bepeins of te oordink vra van my dat dit waaroor ek dink `n massiewe invloed het om my gedagtes oor my situasie te verander. Trouens, die een woord waarmee ons die Hebreeuse woord vir "peins" mee kan vertaal, is bekering! Om terug te kyk of te dink soos God van ons vra, beteken dat ek diep intens sal besig wees om te dink en te mediteer oor iets baie spesifiek en dit is: die dade van die Here.

Asaf skuif sy aanslag vanaf gebed na oordenking. Dit is alleen wanneer hy besig is om te dink oor dit wat die Here in die verlede gedoen het, wat hy troos vir sy omstandighede vind. En dan dink hy baie spesifiek oor drie dinge van die Here: die wonders wat God doen, die redding wat God bring en die leiding wat God gee.

Wanneer hy dink oor die wonderdade wat die Here doen, dink hy dadelik aan hoe die natuur reageer op die teenwoordigheid en werk van die Here. Hy praat van die waters wat sidder en die wolke wat water uitgiet en dreun en weerligte wat blits. Dit is alles dinge wat die Here deur die natuur gedoen het toe die volk deur die Rooisee getrek het en toe Hy op Sinai sy Wet vir hulle gegee het. Die natuur kom in beweging wanneer God beweeg, daarom dat hy nie anders kan nie as om te erken dat God die grootste, enigste God is.

Maar hy dink ook oor die redding en die leiding wat die Here bring. Ons hoor dit wanneer hy praat van die kinders van Jakob en Josef. Op hierdie manier praat hy van die twaalf stamme van Israel wat God uit Egipte en uit die mag van die Farao gered het. En die leiding wat die Here gee word duidelik wanneer hy praat van Moses en Aäron deur wie se hande God die volk soos `n kudde gelei het. Selfs al was dit soms nie duidelik hóé God deur Moses en Aäron die volk gelei het nie, maak dit nie `n verskil in die feit dat God hulle gelei het nie.

Wanneer ons dan hier aan die begin van 2017 staan en weet dat 2017 `n hele paar uitdagings inhou, is dit goed dat ons nou reeds vir mekaar leer hoe ons terug kan dink en getroos kan word in ons omstandighede.

Die eerste wat ons dan vir mekaar moet sê is dat ons moet leer en onthou om terug te kyk soos die Here ons leer in die Skrif. Dit beteken dat ek nie op my lewe moet terug kyk en moet vaskyk in die "goeie ou dae" toe ek baie meer bereik het en kon doen nie. Ek moet terug kyk en die hand van die Here raaksien, juis in die moeilike en swaar tye van my lewe. Ek moet die hand van die Here raaksien daar waar Hy besig was en is.

Tweedens moet ons mekaar leer om weer die wonders raak sien van dit wat die Here doen - in die geskiedenis, in Sy Woord en in ons lewe. Ons moet weer die wonders raaksien dat daar reën op sy tyd kom, dat God uitkoms gee, dat vernietigende vure in fynbos ook veroorsaak dat nuwe lewe vir sekere plante moontlik maak - iets wat God gemaak en geskep het.

Derdens moet ons mekaar leer om weer die wonder van die redding wat God vir ons gee raak te sien in ons lewens. Jesus Christus se geboorte, sterwe en opstanding is sekerlik die grootste wonder wat God gedoen het en ons moet weer raak sien wat dit vir my in my lewe beteken. Om dit só te stel, Golgota is die koppie waarop ek kan staan om perspektief te kry oor die groter prentjie waarmee God besig is. Dit is daar, by die kruis van Jesus Christus, wat ek onthou dat daar vir my ook wonderdade, redding en leiding is.

Juis dit is deel van die genade van God wat Hy in Jesus Christus vir ons gegee het: ons is gered en ingelei in `n nuwe lewe waar ons kan en mag weet wat die groter prentjie van alles is: dat almal eendag soos Asaf sal sê: "Waar is `n God so groot soos God?" Juis dit is waaroor ook die swaar en moeilike tye van my lewe gaan: om die grootheid, die groot dade, die redding en die leiding van die Here bekend te maak.

Vierdens moet ons juis mekaar weer leer dat God ons elke sekonde van elke dag deur die Heilige Gees lei. Wanneer Asaf sê dat niemand God se spoor gesien het nie, leer hy ons dat die leiding wat die Here vir ons gee, dikwels nie gesien kan word nie. Die Here lei ons op groot en wonderlike maniere, maar dikwels is ons eenvoudig te blind om dit raak te sien. Daarom dat ons moet bid dat God die Heilige Gees ons oë sal oopmaak, sodat ons die leiding wat die Here vir ons gee kan raaksien. Op die einde, wanneer ons bid oor ons omstandighede, gaan dit nie daaroor om uit ons omstandighede te ontsnap nie, maar om te sien hoe God ons deur die donker dieptes en die leeukuile van die lewe lei.

Laastens moet ons mekaar leer en herinner dat die wonders, redding en leiding wat die Here gee beleef word in die konteks van `n gemeente. Alhoewel Asaf hierdie verskriklike persoonlike omstandighede beleef het, het hy die troos van die Here ervaar alleen toe hy sien en beleef hoe God in die lewe van Sy volk werk. Juis daarom dat Jesus Christus ons nie net van die sonde en die dood verlos het nie, maar in `n nuwe lewe in `n verhouding met medegelowiges in. God gee ons aan mekaar, sodat ons in mekaar se lewe die wonders, redding en leiding van die Here kan sien.

Kyk daarom terug en sien die wonders, redding en leiding van die Here raak. Onthou die groter prentjie - aan God alleen al die eer! En leef getroos met die wete dat ook jou omstandighede, maak nie saak hóé intens swaar dit is nie, sal tot eer van die Here wees.

Amen